BJV 50 JARIGE PRESIDENT SKIET KOMPETISIES

INLEIDING

Ons wil graag alle lede, vriende, familie en belangstellendes uitnooi na hierdie **PRESIDENT SKIET** van **BOSVELD JAGTERSVERENIGING** om ons 50 jarige bestaan te vier.

WAAR: PIETRSBURG SKIETBAAN, POLOKWANE
WANNEER: Saterdag 17 Augustus 2019
HOE LAAT: Inskrywings vanaf 8.00 vm

So vriende en familie is almal baie welkom om te kom deelneem en mee te ding vir uitstekende pryse wat gewen kan word in elke kategorie afsonderlik. Daar kan gekies word in watter afdeling elkeen wil skiet en daarvolgens betaal. Julle sal opmerk dat daar net twee klasse is, Juniors (18 jaar en jonger) en seniors (ouer as 18 jaar).

PRYSE TE WEN:

Grootkampioen senior – Mauser M18 in .308 Winchester met baie ekstra's vir totale waarde van R20 000
Grootkampioen junior – Teleskoop Zeiss Conquest V4 3-12x56 met totale waarde van R16 000.
Dan is daar ook vele ander pryse te wen in elke kategorie

Let wel: Inskrywingsgelde is dieselfde vir alle skietoefeninge, beide vir juniors en seniors, R100 en R50. Indien jy be-oog om alle dissiplines te skiet, is daar afslag – vir seniors is dit dan slegs R350 en vir juniors R180!
Indien u nog van die oefeninge agterna wil skiet is u welkom. Dit sal slegs R50 rand per baan kos, maar slegs die eerste skiet oefening se telling kom in aanmerking vir pryse.

Inskrywingsgelde kan ook voor die tyd betaal word by Debbie, by BJV se kantoor. Indien elektronies betaal stuur asseblief bewys van betaling aan haar sodat u nie dalk dubbel moet betaal omdat ons nie rekord daarvan het nie

Let asseblief op veiligheids aspekte en standaard skietbaan reëls wat sal geld en streng toegepas word:

- Alle wapens moet na afloop van 'n oefening veilig verklaar word aan die baanoffisier.
- Weg van 'n skietpunt moet alle gewere in geweersakke gedra word en handwapens moet in "holsters" of houers gedra word.
- Gehoorbeskermers en veligheidsbrille is verpligtend op die skietbaan volgens akkreditasie skietbaan reëls

- Slegs skuts wat aan die skietoefening deelneem sal op die skietpunt toegelaat word, behalwe waar vooraf met die betrokke baanoffisier gereël word soos by juniors.
- Met enige dispute sal die hoof baanoffisier se beslissing finaal wees na aanhoor van alle vertoë.

Vuurwapenveiligheid berus egter by elkeen individueel. BJV het in sy rype geskiedenis van 50 jaar nog nooit 'n noodlottige skietongeluk op 'n skietbaan beleef nie! So help ons asseblief om hierdie rekord skoon te hou.

DIE SKIETOEFENINGE:

1. **.22 RANDSLAG**
   a. **Die wapen** – slegs .22 randslag met geen beperking op teleskope en loopdiktes. Alle hulpmiddels word verskaf. Geen "Bisley" tipe geweerbande toegelaat nie. Geen automaties of semi – automatiese gewere toegelaat nie.
   b. **Aantal patrone benodig** – Ses vir diere teikens en ses vir ghong teikens, totaal van twaalf
   c. **Tydsbeperking –** Diere teikens 75 sekondes, Ghong teikens 60 sekondes
   d. **Skiet posisie –** Diere teikens lê posisie, Ghongs kniel posisie met vertikale steun.
   e. **Afstande –** Diere vanaf 40m tot 60m. Ghong teikens 40m tot 70m
   f. **Teikens** – Diere is standard Chasa tekens: Vlakvark, Springbok en Rooibok. Ghongs is standaard Chasa .22 met kombinasie van ronde en hoekige teikens
   g. **Klasse** – Seniors, (18 jaar en ouer) en juniors (jonger as 18 jaar)
   h. **Pryse** - – Juniors en Seniors 1'e, en 2'e plekke.
   i. **Inskrywingsgeld** – Juniors R50, Seniors R100.

2. **HANDWAPEN**

   Die Tyro dissipline gaan hier gevolg word. Dit behels 24 skote in totaal oor 'n afstand van 10 meter teen tyd. Baan veiligheid is hier van hoogste prioriteit en reëls sal volledig deur die baanoffisier verduidelik word en streng toegepas word,

   a. **Klasse** – Seniors, (18 jaar en ouer) en juniors (jonger as 18 jaar)
   b. **Pryse** - – Juniors en Seniors 1'e, en 2'e plekke
   c. **Inskrywingsgeld** – Juniors R50, Seniors R100.

3. **KLEIDUIF**

Die oefening bestaan daaruit dat kleie uit ten minste twee rigtings sal beweeg. Aantal skote 20.

a. **Klasse** – Seniors, (18 jaar en ouer) en juniors (jonger as 18 jaar)
b. **Pryse** - – Juniors en Seniors 1'e, en 2'e plekke
c. **Inskrywingsgeld** – Juniors R50, Seniors R100.

4. **SENTERSLAG GEWEER GHONG**

a. **Die geweer** – Enige senterslag kaliber kleiner as .338 word hier toegelaat. Geen automatiese of semi-automatiese gewere word toegelaat nie. Geen beperking op loop dikte of lengte nie. Geen beperking op teleskoop vergrotings nie. Geen teleskope met afstand meters of "range finders" word toegelaat nie. Indien die skut die ghong omskiet moet hyself dit weer in posisie plaas.
b. **Aantal patrone benodig** – vyf**.** Geen ammunisie van monolitiese aard of volmantel word toegelaat nie.
c. **Tydsbeperking** – 180 sekondes of 3 minute
d. **Skiet posisie** – Eerste ghong in sittende posisie met vertikale steun, ander vier ghongs in lê posisie met "harris" tipe bypod of X bag wat voorsien sal word
e. **Afstande** – Vanaf 150 meter tot 300 meter.
f. **Teikens** – 3x200mm, 1x150mm en 1x100mm ghongs.
g. **Klasse** – Seniors, (18 jaar en ouer) en juniors (jonger as 18 jaar)
h. **Pryse** - Juniors en Seniors 1'e, en 2'e plekke.
i. **Inskrywingsgeld** – Juniors R50, Seniors R100.

5. **GEVAARLIKE WILD**

a. **Die geweer** – Gevaarlike wild kalibers 9,3x62mm en groter.
b. **Aantal patrone benodig** – ses
c. **Tydsbeperking** – 90 sekondes. Tyd word ook gemeet.
d. **Skiet posisie** – staan
e. **Afstande** –kort afstand 20 tot 30 meter
f. **Teikens** – gevaarlike wild teikens 6 skote. Eerste teiken leeu mannetjie, 2 skote. Tweede teiken stormende buffel 2 skote. Derde teiken olifant, 2 skote.
g. **Klasse** – Seniors, (18 jaar en ouer) en juniors (jonger as 18 jaar)
h. **Pryse** – Juniors en Seniors 1'e, en 2'e plekke
i. **Inskrywingsgeld** – Juniors R50, Seniors R100

Vir enige navrae kontak: Johan Kapp by 082 492 6200
Vir EFT inbetalings kontak Debbie Gibson by 015 291 3820 of 084 481 8749